Januarie 2019

# Stellenberger

## Kersfeesliggies in Januarie?

deur: ds. Marius Breytenbach



**Kersfees het gekom en gegaan en die wegpak van die Kersversierings is een van die take wat ons voor die aanbreek van die nuwe jaar probeer afhandel. In die Christelike kerktradisie is daar egter mense wat hulle Kersversierings en liggies deur Januarie laat hang, want Kersfees is nie verby nie, inteendeel, dit het so pas begin!**

Na Kersfees vier gelowiges dwarsoor die wêreld Epifanie, ofte wel die "fees van die lig" waartydens die fokus op die verskyning van Jesus geplaas word. Wanneer 'n mens die Evangelies bestudeer, kom jy herhaaldelik tot die besef dat Jesus se woorde en dade mense tot nuwe insig gebring het en vandaar die gebruik om na Kersfees die simbool van LIG in kerke te gebruik om mense se belewing van God se teenwoordigheid en die insig wat dit meebring, te verwoord.

Ons nooi almal in ons gemeente om saam met alle gelowiges oor die wêreld heen die Epifaniefees te vier. In dié tyd wil ons stilstaan en luister na wat ons by God hoor en bewus word van sy lig in ons lewens en omgewing. In die volgende paar weke wat oploop na die Lydenstyd, gaan ons tydens eredienste die pad wat Jesus gestap het van sy eerste optrede in Kapernaum tot sy kruisiging in Jerusalem, bestudeer. Reis saam met ons en ontdek hoe Jesus se woorde en dade mense se lewens geraak en verander het. Lees gerus in jou stiltetyd weer deur die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) waarin Jesus se lewensverhaal van geboorte tot sy dood en opstanding weergegee word. 'n Bybelskool oor die vier Evangelies begin ook op 4 Februarie.

Twee weke voor Paassondag begin 'n gemeenteprogram met die tema "Hoop in beweging" waarvan meer besonderhede in die volgende uitgawe van die Stellenberger sal verskyn.

***"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee." Johannes 8:12***

# Graad 8's ingelyf by die hoërskool



**Die kruis by die Apostel Battery-kampterrein is waarskynlik vir die meeste leerders in Stellenberg Hoërskool 'n baie bekende baken. Heelwat oud-Stellies het blykbaar al by die kruis verloof geraak.**

Onder leiding van ds. Why Duvenhage en die JAM-span het voornemende graad 8's van Hoërskool Stellenberg die naweek voor die skole heropen het, die graad 8-kamp meegemaak.

Ds. Why Duvenhage vertel dat die kamp reeds vir die afgelope 17 jaar aangebied word en van die eerste kampeerders het waarskynlik self nou al gesinne.

"Ons is dankbaar dat Stellenberg Hoërskool ons jaarliks die geleentheid gun om saam met hulle die kamp vir graad 8's aan te bied," sê ds. Why Duvenhage. "Dit is nie net 'n wonderlike manier vir die nuwe graad 8-groep om mekaar te leer ken nie, maar dis ook 'n geleentheid wat ons gegun word om die groentjies op die lewe in die hoërskool voor te berei. Die hoërskool stel nuwe eise en uitdagings aan die jongklomp. Mentors uit die hoër grade wat saam kampeer, is daarom 'n onontbeerlike deel van die suksesresep."

Vanjaar het 45 lede van die skool se studenteraad, asook ander leerders uit senior grade, as leiers opgetree. Die kampe bied elke jaar aan die nuwelinge die ideale kans om stewige bande met van die ouer leerders te smee en die studenteraad van naderby te leer ken.

# Stellenberg Bybelskool



Die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) is ons primêre bron van inligting oor Jesus. Die vier Evangelies se vertellings verskil heelwat van mekaar en elkeen moet in eie reg gelees word. Tydens die Bybelskool-kursus sal ons die Evangelies afsonderlik bestudeer en die spesifieke boodskap wat dit vir ons tyd inhou, ontdek. Ons sal van die direkte vertaling, waarvan die proef (Evangelies en Psalms) reeds verskyn het, gebruik maak. Kursusgangers sal elkeen 'n kopie van die proefvertaling waaruit ons saam sal werk, ontvang.

Die ses-weke-kursus begin Maandag 4 Februarie. Koste: R50 per persoon, betaalbaar by die kursus. Datums: 4, 11, 18, 25 Februarie en 4 en 11 Maart om 19:00. Besprekings: Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519

# Karookosprojek – strome seën het gevloei

deur: ds. Why Duvenhage

**Ek het so drie weke voor die skool vir die Desemberskoolvakansie gesluit het, 'n noodoproep uit die Karoo ontvang. Gemeenskapsleiers met wie ek al oor die jare sterk bande gebou het, het my gekontak en hulle kommer oor gesinne se welstand in dorpe soos Calitzdorp, Zoar en Leeu-Gamka uitgespreek. Die knellende droogte het tot gevolg gehad dat heelwat boere nie kon plant nie en die seisoenwerkers wat op dié dorpe woon, was toe al die hele jaar sonder werk en inkomste. 'n Ernstige voedseltekort het gedreig.**

Met die hulp van medewerkers, ongelooflike Stellenberg-lidmate en plaaslike gemeenskapsleiers het ons 'n grootskaalse kosprojek vir dié Karoodorpe geloods. Stellenbergers se bydraes, plaaslike besighede soos Agri Ladismith se insette, asook die klaarvoorbereide maaltye wat ons by die Shiloh-kombuis kon aankoop, het ons in staat gestel om tydens die Desemberskoolvakansie op Calitzdorp vier keer per week vir 500 kinders 'n maaltyd te voorsien en op Zoar kon ons vyf keer per week vir 500 kinders 'n ete aanbied. Ons het op Kersdag ook kospakkies aan die 120 mees behoeftige gesinne in Calitzdorp uitgedeel. Die gemeenskapsleiers het dié gesinne geïdentifiseer. Van die oortollige niebederfbare kos is ook na Beaufort-Wes en Leeu-Gamka gestuur. Ons het ook watervoorraad na Beaufort-Wes, waar daar tans 'n groot waternood is, gestuur.

Baie kinders is nou weer terug skool toe, wat tot 'n mate verligting bring, aangesien skoolgaande kinders minstens een maaltyd per dag by die skool ontvang. Die realiteit is egter dat daar net op Calitzdorp alleen minstens 1 000 kinders is wat nié op skool is nie. Van die 1 000 kinders is sowat 700 onder skoolgaande ouderdom, terwyl die ander ongeveer 300 kinders weens akademiese agterstand, grootliks te wyte aan fetale-alkoholsindroom, uit die skoolsisteem uitgeval het. Die vraag is dus, waar kry dié 1 000 kinders elke dag iets om te eet as daar nie werk vir hul ouers op die plase in die omgewing is nie? Die enigste opsie is dat koskombuise op die onderskeie dorpe gevestig moet word, sodat die kinders minstens drie keer per week van 'n ete voorsien kan word. Die Karookosprojek gaan dus nie stop nie!





. . . vervolg vanaf bladsy 3

Met behulp van plaaslike helpers sal ons voortgaan om solank ons fondse dit toelaat, vir hierdie kinders maaltye te voorsien. Lidmate kan dus steeds bydraes tot die projek maak. Jy kan 'n ete ter waarde van R10 borg, of niebederfbare produkte soos mieliemeel, sopbestanddele, langlewemelk, suiker en meel skenk. Die vervoer van produkte, asook die klaarvoorbereide etes, bly 'n uitdaging. Indien 'n lidmaat ons in dié verband kan help, kontak my asseblief.

Dorpe soos Beaufort-Wes en Sutherland lê ook swaar op my hart. Dit gaan baie sleg daar weens die droogte wat net nie wyk nie. In Beaufort-Wes is daar boonop nie water in die krane nie. Ek hoop dat ons in 2019 ook daar betrokke kan raak.

Ek is opreg dankbaar vir elke lidmaat wat 'n bydrae tot die projek gemaak het. Ek was aanvanklik bekommerd oor die groot onderneming en het dikwels vir my vrou gesê ek weet nie hoe ons dit gaan befonds nie, maar na die milde bydraes het ek net weer eens besef dat die Here deur sy volgelinge op aarde sorg vir dié wat sorg nodig het.










# Skep asem . . . en bid!



deur: ds. René Potgieter

’n Anonieme skrywer het die volgende stelling gemaak:


As jy wil weet hoe gewild 'n kerk is – gaan na die oggenddiens.
As jy wil weet hoe gewild die leraar is – gaan na die aanddiens.
As jy wil weet hoe gewild God is – gaan na die weeklikse biduur.

Wat dink jy oor hierdie stelling?

Gebed is dikwels iets waarna ons in krisistye gryp, of ’n gebruik wat ons voor ete afhandel, of saans doen net voor die slaap ons oorval. Maar eintlik behoort gebed so deel van ons lewens te wees dat ons nie ons lewe daarsonder kan voorstel nie. Gebed bied aan ons ’n ruimte waartydens ons met ons Hemelse Vader kan praat en deur sy teenwoordigheid versterk word. Daar is werklik krag in gebed! Daarom wil ons jou uitnooi na ons weeklikse asemskep-oomblikke. Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, kom ons bymekaar om die krag van gebed en God se teenwoordigheid te beleef.

Daar is ook ’n gebedhoogtepunt dié kwartaal met die Halfweek van Gebed wat vanaf 10 tot 13 Februarie in die kerk aangebied word. Hou die bulletin dop vir meer inligting oor die geleentheid.

# Raak betrokke . . .




**Sonder vrywillige helpers kan die gemeente nie funksioneer nie. Vrywilligers is die hande en die voete van die kerk. Daar is verskeie diens-geleenthede waarby jy kan inskakel om 'n bydrae te lewer:**

**Eredienswerkers:** Hulle is behulpsaam met die opneem van kollekte, uitdeel van bulletins en die verwelkoming van lidmate tydens eredienste. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.

**Kleingroepleiers vir kategese:** Raak eerstehands by jou kind se leefwêreld en portuurgroep betrokke deur as kategese- kleingroepleier aan te meld. Ons benodig hulp vir al die graadgroepe. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za.

**Kafeteria:** Indien mense, lekker eet en saamkuier jou passie is, skakel asb. by ons kafeteria-diensspanne in. Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy, lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.

**Teetuin:** Gratis tee en koffie word op 'n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. 'n Teetuindiensbeurt behels net die maak van tee in teekanne en die afdek van tafels agterna. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.

**Sekuriteit:** Indien jy bereid is om een keer per maand behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asseblief vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519. Die motoroppasdiens is onontbeerlik in die voorkoming van motordiefstal.

# BLISS - a state of spiritual blessedness

Die Bliss-groep is 'n ruimte waar studente en jongwerkendes mekaar elke Sondag om 16:15 en Woensdagaande om 18:30 ontmoet om saam Bybelstudie te doen. Die groep pak ook verskeie sosiale aktiwiteite en uitreike aan. Kom sluit gerus by dié dinamiese groep jongmense aan. Vir meer besonderhede oor die groep, kontak vir Heleen du Toit by 084 563 0122.

